education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 12
DISTRIKSEKSAMEN

JUNIE 2010

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1
LEESBEGRIP, OPSOMMING EN TAAL IN KONTEKS

MEMORANDUM

Memorandum: Distriksvraestel Graad 12 Vr 1 Junie 2010 Finaal

AFDELING A:

VRAAG 1

1.1 Kenners is verdeeld oor die toekoms van Afrikaans / Kenners is verdeeld of Afrikaans besig is om uit te sterf of nie / Kenners is verdeeld of dit "neusie verby" is met Afrikaans / Kenners is verdeeld of Afrikaans gaan oorleef of nie. (1)

1.2 'n Mening: dit is wat kenners dink / dit is kenners se mening / dit is hoe kenners persoonlik oor Afrikaans voel. (1)

1.3 C. dat 'n Afrikaans-digter die ondergang van Afrikaans verkondig het. (1)

1.4 kunstefeeste✓, rock-konserte✓ en oor TV-stelle✓ (3)

1.5 Boeke oor mediese wetenskappe moet ook in Afrikaans gepubliseer✓ word en Afrikaans moet ook as mediese wetenskapstaal uitgebou✓ word. (2)

1.6 "... geskerts ..." (1)

1.7 Waar: ✓"... gaan Afrikaans binnekort aan geen tersiêre instansie beskikbaar wees nie."✓ (2)

- *Kandidaat kan geen punt verdien indien die eerste deel van die antwoord korrek is, maar diebewys is verkeerd nie.*
- *Indien die eerste deel van die antwoord verkeerd is, maar die kandidaat het die regte motivering as bewys aangehaal, kan hy vir die motivering een punt kry.*
- *Indien die kandidaat die hele sin as motivering aangehaal het en nie slegs die frase nie, verloor hy die punt vir die motivering.*

1.8 Dié twee universiteite gebruik reeds dubbelmedium as onderrigmodel / Afrikaans is nie meer die enigste onderrigtaal aan dié twee universiteite nie / Dubbelmediumonderrig hou 'n bewese gevaar vir kleiner tale in / Omdat minder studente Afrikaans praat, kan Engels as 'n onderrigtaal 'n gevaar vir Afrikaans inhou. (1)

1.9 C. Afrikaans nie meer 'n bedreiging vir kleiner tale inhou nie. (1)

1.10 finansiële druk (1)

1.11 Van Heerden en Breytenbach glo Afrikaans is besig om uit te sterf ✓ terwyl die ander twee kenners glo dat dit nie so maklik sal gebeur nie.✓ (2)

- *Indien kandidate se antwoorde hier onnodig lank blyk te wees, penaliseer met 1 punt.*

1.12 Wallies en Hebreeus beskik nie oor hoër funksies nie✓, maar beide het later amptelike landstale✓ geword. (2)

1.13 Daar is te veel (bruin) mense wat Afrikaans praat. (1)

1.14 Hy maak gebruik van ‘n skelet / ‘n sens met bloed / ‘n swart kledingstuk wat dood kan beteken. (1)

- *Indien kandidate iets oor “the grim reaper”skryf, moet u hulle maar krediet daarvoor gee.*

1.15 Motoriste wat drink en bestuur / Motoriste wat onverskillig bestuur / Motoriste wat verkeersreëls verontagsaam / Motoriste wat kanse op ons paaie waag. (1)

1.16 Vakansietyd / lang naweek / wanneer daar kwaai verkeersdruk op die paaie is. (1)

1.17 Moenie drink en bestuur nie / Moenie op ‘n sperstreep verbysteek nie / Moenie die spoedgrens oorskry nie. (1)

1.18 B. waarskuwend (1)

1.19 Hy is onbewus daarvan dat hy besig is om die lewe te “groet” – hy gaan waarskynlik in ‘n motorongeluk sterf. (1)

1.20 Die ATKV (1)

1.21 Alle Afrikaanssprekendes / almal wat ‘n belang by Afrikaans het / almal wat lief is vir Afrikaans / Almal wat van Afrikaanse musiek / toneel hou. (1)

1.22 Die teks maak melding van sang, musiek en danse terwyl die grafika ‘n collage van bogenoemde genres visueel voorstel. (2)

1.23 “Ons het meer konserte aangebied as wat jy kan tel.” (1)

1.24 Bevorder Afrikaans / Wees trots op Afrikaans / Bemark Afrikaans / Moenie skaam wees vir Afrikaans nie. (1)

[30]

AFDELING B:

VRAAG 2

1. Nadine het verlede jaar vir die eerste keer ‘n CD oorsee bekendgestel.

2. Haar eerste Goue-toekenning is in 1986 aan haar toegeken.

3. Sy het al by 11 feeste opgetree en nege albums vrygestel.

4. Haar nuutste album het reeds goue status bereik.

5. Sy gaan vanjaar ook baie oorsee reis om op te tree.

6. Sy is tydens ‘n internasionale musiekfees met ‘n eerste prys beloon.

7. Sy is die eerste Suid-Afrikaner wat in België ‘n DVD voor ‘n gehoor opgeneem het.

- *U assesseer soos ons tydens die werkswinkel bespreek het.*
- *U gee punte soos op riglyne tydens die werkswinkel aan u gegee.*

AFDELING C:

VRAAG 3

3.1 verlede / gister (1)

3.2 pot + kos (1)

3.3 Klein Karoo Nasionale Kunstefees (1)

3.4 C. Moenier Adams is ‘n lid van *Afrikaaps* wat die jeug help om weer Afrikaans te praat. (1)

- *Indien kandidaat nie die bysin korrek aandui nie verbeur hy die punt.*

3.5 Samestellings met vreemde woorde aan die begin van die samestelling (1)

3.6 rymkletser / kletsrymer (1)

3.7 tradisionele (1)

3.8 Sy rig toneelspelers af / Sy is die spelleier / sy is die toneelbestuurder / Sy behartig die regie van ‘n produksie. (1)

3.9 vier (1)

3.10 her = weer (1)

3.11 Moenier ... sê dat die toekoms vir Afrikaans ‘bright’ lyk en dat hy hard gaan probeer om dit te bevorder. (1)

- *Assesseer vir die woordorde van lyk ‘bright’ wat verander na ‘bright’ lyk*
- *Assesseer vir “ek” wat na hy verander*
- *Assesseervir die woordorde “gaan hard “ wat verander na hard gaan ...*

Indien enige van bogenoemde foute, geen punte.

3.12 C. sleng. (1)

3.13 aanmekaar = sonder ophou: enige sin met hierdie betekenisverband (1)

3.14 entrepreneur *(spelling word geassesseer)* (1)

3.15 Pratley Putty is die enigste Suid-Afrikaanse uitvindsel wat nog nie op die maan was nie. (1)

3.16.1 peperduur
3.16.2 wêreldbekende (1)

3.17 Die Kreepy is by sy huis in Springs ontwerp. (1)

3.18 Kongolees (1)

3.19 Sy is vol selfvertroue.
die manier waarop sy agteroor lê / die woorde: “redaksionele koningin (2)

3.20 As ‘n “redaksionele koningin” is, behoort sy te weet dat die woord “skielik” wel die korrekte woord is / Sy bevraagteken die korrektheid van ‘n woord wat nie deur ‘n ander een vervang kan word nie. (1)

3.21.1 Dit is die letterlike betekenis van ‘n woord. (1)
3.21.2 Sy voel nie baie lus om te gaan nie. (1)

3.22 Sy dink dat dit swartmense se kultuur is om sprinkane en mopanie-wurms te eet / Sy dink dat haar gasvrou vir hulle sprinkane en mopanie-wurms gaan voorsit. (1)

3.23 Raampie 2: Ben sê: “Wel, ek dink dit is hoog tyd dat ons mekaar beter leer ken.” (1)

3.24 Raampie 7 (1)

3.25 móét (1)

3.26 gebroke (1)

3.27 by (1)

3.28 a.g.v. (1)

[30]